# *Inhoud / Contents*

*Bladsy / Page*


*Streekontwikkeling en die Streeksontwikkelingsvereniging — Prof. D. Page* ..... 1

*An Assessment of some policies affecting Regional Development in the Western Cape — D. Dewar and N. Dewar* ..................... 4

*Urban Renewal and the Needs of the Coloured Community — Prof. S.P. Cilliers* ............. 8

*Nuus van die Streeksontwikkelingsverenigings* ..... 12

*Boekbespreking* .................................. 12

*Beplanningsverslae* ............................... 12



As 'n ope forum vir die verduideliking en bespreking van ontwikkelingsbegrippe word 'n groot verskeidenheid van stellings en menings in hierdie tydskrif opgeneem maar die redaksie of enige ander betrokkenes onderskryf nie noodwendig enige van die sienswyses wat in die artikels gelug word nie.


# Voorwoord

Die snelle toename en die onbeheerde konsentrasie van die bevolking op 'n paar kolle in die Republiek, gee aanleiding tot vele maatskaplike en fisiese probleme. Probleme wat aan die oorkonsentrasie toegeskryf kan word, is onder meer verkeersophoping, onvoldoende vervoergeriewe, hoe grondpryse, hoe misdaadvoorkoms en besoedeling. Aan die ander kant wek die Blanke ontvolking van die platteland ook kommer en is dit noodsaaklik om maatreëls te tref om ekonomiese aktiwiteite meer eweredig oor die bodem te versprei en sodoende ook die bevolkingsverspreiding te beïnvloed. Dit het derhalwe noodsaaklik geword dat ontwikkeling na ander gebiede as die metropolitaanse komplekse in groot stede gekanaliseer word deur 'n raamwerk daar te stel waarbinne fasiliteite soos behuising, opvoedkundige instellings, gesondheidsdienste, vervoer, ontspanning en ander maatskaplike dienste daargestel kan word sonder botsende aansprake op die aanwending van bestaande skaars hulpbronne. Riglyne moet neergelê word vir die ruimtelike ordening waardeur grondgebruik en hulpbronne optimaal benut word. Dit sal aanleiding gee tot meer effektiewe beplanning deur die verskillende beplanningsinstellings.

Die Streeksontwikkelingsverenigings dwarsdeur die Republiek het 'n belangrike taak om 'n ontwikkelingsgesindheid by sy lede aan te kweek en hulle op te skerp vir die ontwikkeling van hul onderskeie gebiede op materiële sowel as geestelike vlak.

Waar die Federasie van Wes Kaapse Ontwikkelingsverenigings hom dit ten doel gestel het om aandag te gee aan die gemeenskaplike probleme en knelpunte van die groter Wes Kaapland, kan dit nie anders as om goeie gevolge te hê op die ontwikkelingsgesteldheid van die inwoners van die gebied nie en word die gedagte van koördinasie en samewerking uitgebou in die praktyk. Die noodsaaklike skakeling tussen die stedelike en landelike gebiede word ook behou.

Die tydskrif wat u nou uitgee is aanprysenswaardig en kan onteenseglik 'n bydrae maak tot die plaaslike litiratuur oor fisiese beplanning. Dit kan op die gebied van openbare deelname en as kommunikasiemiddel 'n belangrike rol speel. U word gelukgewens met hierdie stap.

*F J Otto* *Hoofdirekteur, Fisiese Beplanning*
*Departement van Beplanning en die Omgewing*

*Professor D. Page,*
*Dept. van Stads- en Streeksbeplanning,*
*Universiteit van Stellenbosch,*
*Stellenbosch*
*7600*

*Namens die Fedarasie van Wes-Kaaplandse Ontwikkelingsverenigings wil ek graag die Instituut vir Beplanningsnavorsing van die Universiteit van Stellenbosch, by name, Professor D Page hartlik gelukwens met die eerste uitgawe van "STREEKSBEPLANNER." Na daar lank gewik en geweeg is, het die Fedarasie besluit om die eerste twee uitgawes te onderskryf.*

*Daar is behoefte om inligting oor ontwikkeling en pogings tot ontwikkeling, onder die verskeie Ontwikkelingsverenigings in Wes Kaapland te versprei. Dit kan lei tot gesamentlike pogings wat vrugte kan afwerp, wat vir die indiwiduele vereniging nie moontlik is nie. Ek is seker dat die aktiwiteite van die Fedarasie sal bydra tot wyer publisiteit van Wes-Kaap en die ontwikkeling van hierdie gebied.*

*Geweldig baie werk word gedoen om die beplanning van die onderskeie streke in ons land te koordineer. Grond is 'n hulpbron van beperkte omvang en is dit essensieel dat dit tot die beste benut word. Dit is egter die verantwoordelikheid van elkeen van ons om deel te neem aan die beplanning en ontwikkeling van ons land. Nouer skakeling is 'n noodsaaklikheid.*

*Ons vertrou dat hierdie tydskrif 'n nuttige bydrae sal lewer wat, nie net tot die voordeel van Wes-Kaapland nie maar van ons hele land, sal strek.*

*— D.V Benadé*
*(Voorsitter, Federasie van Wes Kaapse Ontwikkelingsverenigings*